

8 Julie

Skrifgedeelte: Hosea 5:15-8:14

Die verlore seun wat nie deur die Vader terugverwelkom is nie

Die volk het deur afgode te dien van die Here weggeloop. Nou besluit hulle om weer na die Here terug te gaan (6:1). Kyk egter hoe reageer die Vader as sy weggeloopte kind na Hom terugkeer. Hy hardloop die seun van Hom nie tegemoet nie, slag nie die kalf nie, vier nie fees nie. Nee, die Vader sê vir sy kind: Wat moet Ek met jou doen?

Dit is duidelik dat iets keer dat Hy sy kind met ope arms ontvang. Daar is iets wat die jongste seun in die gelykenis van die verlore seun (Luk 15) gedoen het wat dié seun nie gedoen het nie. Die seun in Lukas 15 het gesê: "Ek het teen God en teen pa gesondig." Dit het die volk nie gedoen nie. Hulle het nie bely dat hulle teen die Here gesondig het nie. Hulle pleit nie om vergiffenis nie.

Hulle kom na die Here terug, nie omdat hulle vir Hom lief is nie; nie omdat hulle berou het oor hulle sonde nie. Hulle kom na Hom toe terug oor die gawes wat hulle uit sy hand kan ontvang. Dit is soos 'n pa wat sy seuns 'n pak slae gegee het omdat hulle stout was. Die een kom terug omdat hy vir sy pa lief is en sê: "Ekskuus, Pa. Ek sal dit nie weer doen nie." Die ander een kom vra ook verskoning. Hy doen dit, nie omdat hy vir sy pa lief is nie, maar omdat hy weet dat as hy dit nie doen nie, gaan sy pa nie vir hom die pak klere koop wat hy so begeer nie.

Omdat jy vir God lief is, kom jy op jou knieë en sê: "Vader, ek het berou dat ek teen U gesondig het. Vergewe my." As jy werklik berou het, sal jy ook met die sonde in jou lewe breek.

Sing: Psalm 51:6,8

Ds CS Grobler (Stellenbosch)